Essay

Die taalkunde as loopbaan: Hoe eet 'n mens 'n olifant?

WAM Carstens

1. Inleidend[1]

> We staan allemaal op de schouders van onze voorgangers, onze schaduw valt over hen heen en verbergt hen voor het gezicht van onze tijdgenoten.[2]
> – Jo Daan, 1994

As 'n mens aan die einde van 'n lang loopbaan kom, is jy geneig om terug te kyk na hoe jou loopbaan verloop het, in die besonder na die hoogte- en laagtepunte wat jou loopbaan gekenmerk het. Dit bied ook 'n geleentheid om weg te staan van jou persoonlike pad in die akademie en aan die hand daarvan te besin oor dit wat jy graag aan die volgende geslag sou wou nalaat. Wel nie net nalaat as konkrete produkte nie, maar ook hoe jy op grond van jou eie ervaring(s) kan leiding gee om vir die volgende geslag dinge makliker te maak.

'n Mens kan die uitsette van jou loopbaan *nalaat* (dit wil sê "oorgee of laat oorbly om te behou, in stand te hou, of in die toekoms te gebruik" (eWAT, 2022)). Dit raak jou eie studieloopbaan (voor- en nagraads) en dit wat hierop volg, soos jou lys publikasies (boeke, artikels, hoofstukke in vakboeke), jou betrokkenheid by organisasies wat verband hou met jou vak, jou deelname aan kongresse/konferensies/colloquiums en selfs werkswinkels rakende jou vak, nagraadse studente, doseerwerk aan studente op 'n verskeidenheid vlakke, ens. Op die webblad van die *Linguistic Society of America* (LSA)[3] word die verloop van 'n loopbaan – in hierdie geval in taalkunde – soos volg saamgevat:

> Professional linguists work in a number of fields and engage in a range of successful and fulfilling careers. Individuals with degrees in linguistics tend to specialize in particular areas within the field and build their careers around those areas.[4, 5]
>
> Academia is a common path for linguists. Academic linguists devote themselves to a life of science, and after much training often become university professors. They share their love of linguistics with like-minded graduate and undergraduate students and conduct research that is essential to the field, *sharing their results with the scientific community through publications, lectures, and conferences.*

Vir mense wat 'n loopbaan in die taalkunde[6] deurloop het, is dit 'n bekende beskrywing van die aard en omvang van die werk en verpligtinge tydens so 'n loopbaan. Dit is ook die soort inligting wat gedetailleerd in individue se CV's opgeneem word en wat geordend uitlig hoe 'n besige loopbaan met talle aktiwiteite, verpligtinge en – veral – uitsette oor 'n lang tyd verloop het. Die produkte of resultate hiervan kan 'in die toekoms gebruik word' om die vordering en stand van sake met jou vak aan te dui omdat jou uitsette gehelp het om tot die huidige insigte oor die vak te kom. So deel uittredende akademici "their results with the scientific community". So kan byvoorbeeld van jou vakartikels of vakkundige boeke gebruik word om aan ander die toepaslike inligting oor 'n aspek van jou vakgebied te gee. Jy laat dus *idees* en *inhoud* oor jou bydraes en selfs prestasies in jou vakgebied agter vir die volgende geslag. Dit alleen is al 'n kosbare en nuttige nalatenskap.

Daar is egter ook 'n ander nalatenskap moontlik. Dit is naamlik die deurleefde *ervarings* wat jy tydens jou loopbaan opgedoen het terwyl jy stap vir stap en fase vir fase die loopbaan deurgegaan het: "van deur *ondervinding* te leer; *verwerwing* van *kennis* of *bedrewenheid* deur dinge te *doen*, te *sien*, te *belewe*; ... kennis deur waarneming verkry" (eWAT, 2022, eie kursiverings). Hierdie beskrywing lig 'n hele aantal tersaaklike aspekte uit wat aktiewe deelname oor 'n lang tyd verg: leer uit foute en suksesse (ondervinding), en dit word gedoen deur "dinge te *doen*, te *sien*, te *belewe*". In hierdie leerproses brei jou kennis oor die vak en die bestuur van 'n loopbaan uit en word jy meer bedrewe in dit wat jy verrig tydens die loopbaan. Jou kennis oor jou vak en die aanpak en deurvoer van 'n loopbaan is derhalwe beduidend meer as aan die begin van 'n loopbaan. Jy word wyser en slimmer. Maar jy is ook meer bewus van jou suksesse en mislukkings. Dit is die soort insigte wat 'n mens moeisaam en oor 'n lang tyd opgedoen het – dit is kosbaar as die insigte hieroor aan ander oorgedra kan word. Die waarde lê in die byeenbring van hierdie ervarings op 'n gegewe plek sodat dit as riglyne (wenke, lesse) deur die volgende geslag deelnemers aan die vak gebruik kan word. Om dit kort te stel: hoe daardie *ervarings* wat jy as praktiserende akademikus opgedoen het aan jonger kollegas oorgedra kan word ten einde aan hulle (a) wenke na te laat oor hoe die onderskeie fase van 'n loopbaan beplan en bestuur kan word, en (b) die identifiseer van daardie slaggate wat 'n mens op die loopbaanpad behoort te vermy.

Hierdie bydrae fokus op die laasgenoemde nalatenskap en het ten doel om hoofsaaklik die ervaring van 'n lang loopbaan van ongeveer 50 jaar in die Afrikaanse taalkunde saam te vat en met die volgende geslag akademici te deel. Die hoop is dat hulle ook hieruit kan leer, onder meer hoe een mens se ervarings ander kan help om self 'n eie loopbaan aan die gang te kry, te bestuur en deur te voer. En natuurlik hoe om slaggate te systap. Die hoop is dat die 'volgende geslag'

aan die einde van hulle eie loopbaan ook weer húlle ervarings sal deel. Dit maak sin as geslagte by mekaar leer. Die Nederlandse taalkundige prof Jo Daan het by geleentheid gesê dat die een geslag op die skouers van die vorige geslag staan en dat hulle skadu oor die volgende geslag val. (Sien weer die aanhaling hieroor aan die begin van die bydrae.) Dit is wat hier uitgelig word: watter lesse uit die vorige geslag se ervarings (skouers) geleer en oorgedra kan word (skadu wat val).

Uiteraard is dit wat hier opgeneem word nie 'n resep vir 'n suksesvolle loopbaan in die taalkunde (of selfs letterkunde) nie, want dit is iets wat 'n mens moeilik sal kan gee. Resepte sal naamlik van persoon tot persoon verskil. Maar dit wat verder in hierdie bydrae aan bod kom, word aangebied met die hoop dat dit iemand kan help om met minder moeite self 'n eie loopbaan te bou én deur te voer. Dit is natuurlik ook so dat van die jonger geslag nie altyd die nut van sodanige ervarings (wil) insien nie en hulle eie pad wil loop omdat hulle in 'n ander tydsgewrig lewe. Hulle wil hulle eie foute maak en oordeel hulle hoef nie te leer by ouer gesagsfigure se ervarings nie. Dit is goed en reg so, maar om willens en wetens goeie loopbaanadvies te ignoreer as jy 'n akademiese loopbaan wil aanpak, is waarskynlik kortsigtig. Waarom alles self met moeite ervaar as jy wel hier en daar vinniger deur die fases kan gaan? Dit is egter hulle goeie reg om dit te doen. Geen geslag kan werklik vir die volgende geslag voorskryf nie, maar enige mens kan wel baat uit lesse oor ander se suksesse en mislukkings.

Die bydrae word verder soos volg aangepak: eers 'n kort oorsig oor my loopbaan (juis om die ervarings te illustreer) en dan word 'n aantal wenke (lesse, advies), juis na aanleiding van my loopbaan, oorgedra wat van nut kan wees vir die volgende geslag. Dit is dus nie 'n bydrae wat ten doel het om – soos dit die gebruik is in hierdie soort publikasies – 'n taalkundige probleem uit te lig en dan aan die hand van 'n teoretiese benadering 'n oplossing daarvoor te soek nie. Dit fokus eerder op die nalatenskap van vorige generasies.

2. Die loopbaan van 'n taalkundige

Elke akademikus se loopbaan verloop op 'n eiesoortige wyse. Dikwels werk loopbaanplanne goed uit, maar in ander gevalle is dit maar toeval wat bepaal hoe die pad verloop. Toeval het ook in my loopbaan 'n groot rol gespeel en ek het vroegtydig geleer om geleenthede te benut wat na my kant toe gekom het. Hier onder gee ek 'n kort oorsig oor hoe my eie loopbaan verloop het omdat dit die agtergrond bied vir die advies wat ek in afdeling 3 gee. So 'n loopbaan behels tradisioneel die keuse en uitvoer van studie (voor- en nagraads), die onderskeie fases van 'n loopbaan (instansies waar gewerk, posvlakke), publikasies, en die betrokkenheid by die vak (soos konferensies) en by verenigings of instansies

wat met die vak op die breë akademie verband hou. En dan ook enige iets wat daarmee gepaard gaan.

Ek het in 1970 aan die Hoërskool Jan Möhr in Windhoek, Namibië gematrikuleer. Soos soveel ander voornemende studente het ek 'n onderwysbeurs (van die destydse SWA Onderwysdepartement) aanvaar om te gaan studeer. Stellenbosch en in die besonder die Universiteit van Stellenbosch was daarna vir nege jaar my tuiste. Ek het my BA-graad in 1973 aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf, en daarna vervolgens die BA Hons en MA in Afrikaans en Nederlands (1977) en tussenin ook my Hoër Onderwysdiploma (HOD). Teen die einde van my MA-studie is ek ingelig dat ek in Julie 1977 in Keetmanshoop, Namibië moes aanmeld om my lank uitgestelde onderwysloopbaan te begin. Van 'n akademiese loopbaan was daar geen sprake nie.

Dit is waar *toeval* ter sprake gekom het. Dr (later prof) Henning Snyman van US het in April 1977 'n pos aan die Universiteit van Kaapstad aanvaar en toevallig was ek beskikbaar (ek was besig met die afrond van my MA) om die res van die jaar in sy pos (doseer van Afrikaanse taalkunde op voorgraadse vlak) waar te neem. Ek was bloot die regte tyd op die regte plek. Die waarneem het uiteindelik 2,75 jare geduur. Dit het spoedig vir my duidelik geword dit is wat ek die res van my lewe sou wou doen. Maar poste was destyds (soos vandag) ook skaars en die mededinging om poste straf. Ek was nie suksesvol met my aansoek om die pos permanent aan US te beklee nie (vandag weet ek wel hoekom nie) en moes dringend 'n plan maak om werk te kry. Ek het al aan doktorale studie begin dink en wou inskryf by prof Meyer de Villiers. Hy het egter aan die einde van 1978 afgetree en prof Fritz Ponelis is in sy plek aangestel. Hy het toe ook my studieleier geword. Die onderwys het op die horison gewink en ek moes my daarmee versoen. Maar toe gaan poste skielik oop aan Unisa en ook aan die Universiteit van Kaapstad. Ek was suksesvol met beide aansoeke, maar besluit op die Universiteit van Kaapstad weens gesinsredes. Dit het 'n loopbaan van 11,5 jaar aan die UK ingelui (1980-Junie 1991).

Die UK is die plek waar ek akademies en professioneel gevorm is. Harde werk het gevolg, talle kursusse is voor- en nagraads aangebied, en ek kon eksperimenteer met inhoude en het so algaande die fokus van my belangstelling ontdek – nie beskrywende taalkunde nie, maar eerder die makrolinguistiek (sosiolinguistiek, historiese taalkunde, taalpraktyk). Die werk was uitdagend, maar dit het ook my nuuskierigheid gewek. Daar was soveel wat ek nie geweet het nie en moes inhaal. Ek het spoedig my swakpunte besef – dat die doseer van sintaksis en morfologie nie vir my was nie – en ek moes my deeglik inwerk op ander terreine. Leiding deur senior taalkundiges soos prof Roy Pheiffer en dr Hester Waher het my doseer- en navorsingsvaardighede geslyp en my geleer om nougeset en toegewyd my kant

as personeellid van die Departement Afrikaans en Nederlands te bring. Daar was nie kans vir lyf wegsteek nie omdat ons net twee voltydse taalkundiges was en elkeen moes optimaal funksioneer. Die belang van spanwerk het na vore gekom, wat 'n uiters belangrike les in my loopbaanpad was. Ek het wel ook geleer hoe om politieke en godsdienskonflik te bestuur met die multikulturele samestelling van die kampus. 'n Mens het verder geleer om twee keer te dink voor jy 'n mening lug oor kontroversiële kwessies (politiek, godsdiens – en ook oor Afrikaans in die lig van die geskiedenis gekoppel aan die taal), juis omdat die land in 'n oorgang na 'n nuwe bedeling was.

Ek het in 1985 my D.Litt. aan US voltooi, my eerste boek (*Norme vir Afrikaans*) in 1989 gepubliseer (ook hier het toeval 'n rol gespeel toe 'n uitgewer die departement besoek het en gevra het of een van ons nie 'dalk' 'n manuskrip het nie – toevallig het ek pas 'n kursus in normatiewe taalkunde klaar ontwikkel), talle artikels gepubliseer en jaarliks nasionale vakkongresse bygewoon om verslag te doen oor my navorsing. En natuurlik baie doseerwerk gedoen. Daar was dus voldoende ruimte vir my om my uit te leef in 'n stimulerende akademiese omgewing.

My akademiese loopbaan het derhalwe begin vorm aangeneem (dat ek op die akademiese leer sou klim), maar ek moes self die inhoud (uitsette op talle vlakke) hieraan gee. Internasionale reise was ons in daardie tyd weens die akademiese en kulturele boikot[7] teen Suid-Afrika nie beskore nie en ons het gedroom van kongresse in die buiteland. Voortvloeiend uit my doktorale studie het ek my in die tekslinguistiek ingewerk en 'n boek hieroor vir die Afrikaanse mark beplan.

'n Bepalende gebeurtenis was egter toe ek in Julie 1989 die driejaarlikse somerskool van die Linguistic Society of America (LSA) in 'n uiters warm Tucson, Arizona bygewoon het. My eerste buitelandse besoek en nogal een van vyf maande. Die blootstelling aan soveel 'groot name' en die geleentheid om te kan lees en in te neem was vir my loopbaan 'n waterskeidingsoomblik, juis weens die blootstelling aan ander invloede as die Suid-Afrikaanse konteks. Maar hier is netwerke gesluit wat my hele loopbaan gehou het. Ek het na afloop van die somerskool tyd (vier maande) aan twee universiteite (Santa Barbara, Kalifornië asook Austin, Texas) deurgebring om te begin werk aan die beplande boek oor tekslinguistiek. Spoedig het dit opnuut geblyk dat boekskryf groot opofferings verg en beslis nie so maklik is nie. Slegs drie van die beplande 14 hoofstukke is uiteindelik voltooi. Daar moes derhalwe nog heelwat gedoen word in die komende jare. Ek het ook geleer dat 'n lang navorsingsverblyf (sonder gesin) in die buiteland sy eie uitdagings het ('n tekort aan fondse, bekommernis oor 'n jong gesin in Suid-Afrika, eensaamheid), maar dit was ook 'n groei- en skryftyd. Netwerkgewys was dit goed om in hierdie tydperk gaslesings aan verskeie universiteite (UCLA, Texas, Las Vegas) te kon gee.

Aan die einde van 1990 het ek 'n aanbod as medeprofessor in Afrikaanse taalkunde van die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir CHO (deesdae Noordwes-Universiteit) gekry en ons as gesin het op 1 Julie 1991 inwoners van Potchefstroom geword. Ek is met groot spyt by UK weg, juis omdat ek so baie daar geleer het. Maar dit was ook tyd vir 'n volgende fase in my loopbaan. Daar is lang trane gehuil oor die skuif uit die suide na die onbekende noorde. Aan die einde van 2017 moes ek aftree nadat ek gevorder het tot professor in die Afrikaanse taalkunde. In die 26,5 jaar as personeellid aan hierdie universiteit (waartydens die oorgang van die 'ou' na die 'nuwe' Suid-Afrika meegemaak is en daar gevorder is van die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys na die hedendaagse Noordwes-Universiteit) het ek 'n stewige loopbaan deurloop op beide bestuurs- en akademiese vlakke, danksy die talle geleenthede wat na my kant gekom het en ook danksy die universiteit se filosofie (en konkrete steun) om personeel optimaal te ontwikkel. Ek het hoof van die departement Afrikaans en Nederlands geword en was daarna vir 16 jaar lank die Direkteur van die PU vir CHO/NWU se Skool vir Tale. Die ondervinding as bestuurder was goud werd, maar dit was ook 'n stewige leerkurwe. Die belang van die beplan van personeellede, veral jonger kollegas, se loopbane was voor die hand liggend.

Op akademiese vlak het ek vier verdere boeke gepubliseer (as alleenouteur of saam met ander medewerkers – sien hieroor die bronnelys), elkeen nuut op die terrein: *Afrikaanse Tekslinguistiek* (1997), *Teksredaksie* (2010, 2012), *Text Editing* (2012) en deel 1 van *Die storie van Afrikaans: uit Europa en van Afrika* (2017). Sedertdien het deel 2 ook verskyn (2019). Verder was ek ook betrokke as redakteur of gasredakteur by die uitgee van talle bundels oor taalkundige onderwerpe, soos vier geleentheidsbundels oor tekslinguistiek (Carstens en Hubbard, 1993, 2000; Hubbard en Carstens, 1994), die standaardhandboek oor Afrikaanse taalkunde aan SA universiteite te wete *Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde* [KAT] (2014, 2017),[8] *Ons kom van vêr* (2016, 2019) en ook *Toegepaste taalkunde in Afrikaans* (2022). Verskeie van hierdie boeke is deur my geïnisieer omdat ek 'n leemte in die veld raakgesien het en ek iets daaraan wou doen. Elke boek of bundel het 'n gaping oor een of ander aspek van die Afrikaanse taalkunde gevul, wat natuurlik hoogs bevredigend was. Dit was duidelik dat daar 'n groot ruimte was vir navorsing oor en in Afrikaans – daar was naamlik groot gapings in ons kennis oor Afrikaans en enige bydrae op hierdie terreine was op sigself belangrik. Vir my was dit ideaal omdat ek nie bang was om nuwe terreine te verken nie. Van my publikasies in hierdie terreine het baanbrekersboeke geword. Dat ek mense kon motiveer om deel te neem aan hierdie projekte, was die resultaat van 'n uitgebreide akademiese en persoonlike netwerk wat oor lang jare gevorm is. Boeke soos *Kontemporêre*

Afrikaanse Taalkunde, *Ons kom van vêr* en ook die onlangse *Toegepaste taalkunde in Afrikaans* is voorbeelde hiervan.

Met verloop van tyd het my loopbaan sy eie ritme aangeneem, en het ek 'sigbaar' geword op verskeie vlakke: as skrywer van bykans 50 artikels oor die Afrikaanse taalkunde in tydskrifte nasionaal en internasionaal, as skrywer van etlike hoofstukke in vakkundige boeke, as iemand wat gereeld referate gelewer het tydens nasionale kongresse (tot in die vroeë 1990's kon ons nie in die buiteland referate lewer nie en moes op nasionale bydraes fokus), as iemand wat ook referate tydens talle internasionaal kongresse of byeenkomste gelewer het, as iemand wat etlike kere as hoofreferent ('plenaries') op kongresse opgetree het, as keurder van talle artikels vir tydskrifte nasionaal en internasionaal, as redaksielid van etlike tydskrifte nasionaal en internasionaal, as interne en eksterne eksaminator van bykans 40 nagraadse studies, as studieleier van 'n aantal nagraadse studies (MA en PhD), as moderator en evalueerder van talle kursusse en programme aan Suid-Afrikaanse universiteite, as iemand wat leierskapsposisies beklee het in verskeie nasionale organisasies en verenigings (o.m. die Afrikaanse Taalraad, SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, Buro van die WAT, Afrikaanse Taalmuseum en -monument), as iemand wat verskeie projekte nasionaal en internasionaal geïnisieer het, as iemand wat etlike kere toekennings ontvang het vir sy werk in die taalkunde. Afgesien hiervan het ek ook bykans 2,5 jaar in die buiteland deurgebring tydens navorsingsreise met die oog op die bywoon van kongresse en die skryf van boeke, opgetree as gasdosent aan verskeie buitelandse universiteite, en kon ek 'n uitgebreide binnelandse en buitelandse netwerk opbou (as gevolg waarvan talle uitruil- en samewerkingsooreenkomste met universiteite in die buiteland tot stand gekom het, en wat ook tot samewerking op ander vlakke gelei het).

Danksy konstante produksie en deelname aan akademiese aktiwiteite was ek sedert 2003 'n NNS[9]-gegradeerde navorser. Dit verg op sigself baie harde werk en toewyding aan 'n akademiese lewenswyse en instelling. Die aanvanklike wortel om aan hierdie komplekse en uiters mededingende proses deel te neem, te wete jaarlikse finansiële steun, het mettertyd verdwyn, maar ongeag die afgeskaalde finansiële steun en die moeisame aansoekproses, is daar steeds voordele aan verbonde om 'n gegradeerde navorser te wees, soos toegang tot bevondsing van die NNS, bevorderingsmoontlikhede aan die eie instansie (sommige universiteite vereis NNS-gradering om tot senior vlakke bevorder te kan word), en natuurlik ook erkenning as 'n gerekende navorser.

My formele loopbaan (1977-2017) het oor meer as 40 jaar sy loop geneem en 'n eie vorm aangeneem soos ek my kwalifikasies verbeter het ('n PhD is ongetwyfeld 'n minimum vereiste – ek het wel 'n D.Litt. verwerf) en aktief geword het by die normale fases en stappe van 'n loopbaan in die akademie, dit wil sê publiseer,

woon kongresse by, onderneem reise, raak betrokke by vakorganisasies en vaktydskrifte, beklee bestuursposte waar ter sake, laat evalueer jou kundigheid en bydrae. So 'n loopbaan slurp 'n mens letterlik op, die verg uiterste toewyding en laat min tyd en ruimte vir ander aktiwiteite. Maar as 'n mens kies om dit te doen, durf daar nie oor die implikasies gekla te word nie.

En dan breek daar op 'n dag die onvermydelike aftrede (op die ouderdom van 65) aan, wanneer jou formele loopbaan tot 'n einde loop. Vir baie is dit 'n trauma omdat 'n mens dan op die vlak is waar jou kundigheid optimaal is. Hier het 'n mens egter 'n keuse: hou aan met werk aan dit wat jou interesseer en vir jou lekker is (soms kry 'n mens 'n kontrak as navorsingsgenoot) of tree finaal af en ook uit die akademie. Ek het die eersgenoemde gekies en juis daarom reken ek dat ek voldoende toegerus is om die advies te gee in die volgende afdeling.

3. Hoe bou 'n mens aan 'n loopbaan: wenke, advies

Advies kan in twee kategorieë ingedeel word: akademiese advies en praktykgerigte advies. Onder elkeen van hierdie kategorieë word vervolgens wenke opgeneem wat gebaseer is op my ervaring as akademiese bestuurder en as akademikus.[10] Waar nodig sal aan die hand van anekdotiese inligting uitgebrei word om besondere aspekte duideliker te maak.

3.1 *Akademiese advies*

1. Voltooi jou studie (tot op doktorale vlak) so gou as wat jy kan. As jy kies om 'n loopbaan in die taalkunde (of letterkunde) te volg, is dit ononderhandelbaar. Sonder ten minste 'n PhD in taalkunde (of letterkunde) sal jy altyd die gevoel hê dat jy nie voldoende opgelei is vir jou werk nie. Die werklikheid is dat jy ook nie verder as 'n lektor sal kan vorder sonder 'n PhD nie. Dus: "PhD, stupid, PhD" na aanleiding van oudpresident Bill Clinton van die VSA se spreuk tydens sy presidentsveldtog: "It's the economy, stupid".[11]
2. Moet nie bang wees om jou instink en entoesiasme vir die taalkunde te volg nie. As jy tuis voel in die taalkunde, gebruik die geleenthede wat na jou kant toe kom. [Dit het vir my gewerk toe ek in 1977 die kans gekry het om 'n tydelike pos aan die US te vul. En ook toe latere geleenthede opgeduik het.]
3. Lees, lees en nogmaals lees so wyd as wat jy kan aan die begin van jou loopbaan. Dit help jou om 'n ingeligte keuse te maak oor jou werklike belangstellings in die taalkunde: op watter terreine is jy goed en voel jy tuis en op watter terreine nie. So kan jy ook vroegtydig jou sterk- en swakpunte identifiseer. Dit is iets waaroor jy vroegtydig duidelikheid moet hê.

4. Soek die gapings in jou gekose terrein en maak dan seker dat jy met verloop van tyd deur jou publikasies dié deskundige word rakende daardie besondere gaping. [Dit is waar my boeke oor normatiewe taalkunde, tekslinguistiek en teksredaksie vandaan kom.]
5. Moet nooit bang wees om iets nuut aan te pak nie. Wees dapper en waagmoedig. Lê inisiatief aan die dag as jy 'n leemte identifiseer. [Ek het die boeke *Kontemporêre Afrikaanse taalkunde* (2014; met Nerina Bosman as mederedakteur),[12] *Ons kom van vêr* (2016; met Michael le Cordeur as mederedakteur),[13] *Toegepaste taalkunde in Afrikaans* (2022; met Tobie van Dyk as mederedakteur),[14] *Afrikaans Linguistics: Contemporary Perspectives* (2023; met Bosman (en aanvanklik Theresa Biberauer) as)[15] geïnisieer omdat ek gapings in die veld raakgesien het, met kollegas daaroor gekonsulteer het en dit toe aangepak het.]
6. Moet nie bang wees om jou instink oor probleme in jou veld te volg nie. Dit lei nie noodwendig tot sukses nie, maar hoe sal jy weet as jy nie bereid is om te verken en te eksperimenteer nie? [Weer eens: Dit is waar my boeke oor normatiewe taalkunde, tekslinguistiek en teksredaksie vandaan kom. Ook die boeke waarvan ek redakteur of mederedakteur was, soos hier bo aangedui. Maar ook *Die storie van Afrikaans*, dele 1 en 2 (met prof Edith Raidt as medeskrywer) is die gevolg van die raaksien van 'n gaping – dat daar naamlik nie 'n resente omvattende bygewerkte bron oor die geskiedenis van Afrikaans bestaan nie.][16]
7. Dit maak geen sin om presies te doen wat iemand reeds gedoen het nie. Om byvoorbeeld 'n boek oor sintaksis in Afrikaans aan te pak en dit op dieselfde wyse as Ponelis in *Afrikaanse sintaksis* (1979) te doen, sal nie 'n bydrae tot die insig en kennis oor sintaksis in Afrikaans wees nie. Dit is net herhaling en nie iets nuuts oor sintaksis nie. Dit geld alle ander dissiplines ook. As jy terugkyk oor jou loopbaan, sal jy kan sê: "Ek het regtig 'n verskil met my bydraes tot die veld gemaak"? Dit is die toets wat 'n loopbaan moet deurstaan.
8. Onthou dat elke geslag op die skouers van die vorige geslag staan. Om dit prakties te maak: die kennis van een geslag word gebruik om die volgende geslag mee op te lei. Dit hou in dat 'n mens die bydraes van die vorige geslag kan en mag gebruik as vertrekpunt vir jou eie werk. As jy byvoorbeeld nie met Ponelis se benadering tot die sintaksis van Afrikaans saamstem nie, gebruik jy nog steeds sy raamwerk waarteen jy jou eie bydrae evalueer en lewer. Alle kennis bou voort van een geslag na 'n ander. Telkens word daar aan die hand van nuwe insigte klein verstellings in die bestaande kennis gemaak. So word kennis oor 'n dissipline stelselmatig verfyn. Moet ook nie huiwer om werk van die vorige geslag te kritiseer nie. Maar doen dit gefundeerd en kom met

die nodige bewyse na vore. Onthou dat hierdie geslag hulle bydrae gelewer het in die tyd toe hulle aktief wees en in die lig van die insigte van die tyd. Ons mag dalk verskil van JP du Scholtz se bevindings in die 1930's tot 1960's oor die herkoms van Afrikaans, maar dit was gebaseer op die inligting wat hy in daardie tydsgewrig uit argiewe tot sy beskikking gehad het.[17] In die moderner tyd van die 2020's sal daar meer bronne wees en daarom kan bevindings begin verskil. Maar dan word dit gedoen met die hulp van nuwer teoretiese insigte en desnoods rekenaartegnologie. [Dit was die geval in my eie loopbaan toe van my studente van my werk gekritiseer het, byvoorbeeld oor konjunksiemerkers in tekslinguistiek. Ek het in die skryf van *Tekslinguistiek* (1997) 'n tabel met konjunksiemerkers saamgestel aan die hand van inligting wat ek toe (in 1996) tot my beskikking gehad het. Sedertdien het 'n paar nagraadse studente (soos Meintjes, 2016; en ook Fouché e.a., 2017) die tabel gekritiseer, maar dit ook verbeter met 'n artikel oor "Carstens se raamwerk van Afrikaanse konjunksie-merkers: 'n akkurater en vollediger weergawe". Dit het vir my baie beteken omdat (a) die oudstudente my werk goed genoeg gevind het om dit te wil kritiseer, (b) dit gehelp het om die kennis oor die betrokke onderwerp te verfyn aan die hand van nuwer insigte en metodes, en (c) dit duidelik was dat die oudstudente die vrymoedigheid gehad het om hulle ouddosent te werk te kritiseer.]

9. Doen besondere moeite om 'n goeie en wye netwerk (van vriende, kennisse, kollegas in ander lande en aan ander instellings as joune) oor jou dissipline en in die besonder oor jou spesialisveld te vestig en met verloop van tyd te behou en selfs nog uit te brei. Geen akademikus kan funksioneer sonder 'n behoorlike netwerk nie. Dit gebeur egter nie sommer net so nie, dit verg harde werk en toewyding om dit reg te kry. En dit verg moeite in besige programme. Dit is jy wat die netwerk wil vestig en jy moet so optree dat mense jou deel van hulle netwerk wil maak. Reik daarom uit na ander mense wat in dieselfde omgewing as jy funksioneer. Kongresse is die ideale beginpunt hiervoor. 'n Koppie koffie saam met 'n vakgenoot in 'n ander land kan die begin van 'n lang vriendskap wees. [In die tyd toe daar 'n kulturele en akademiese boikot teen Suid-Afrika was (voor 1994), kon ek via my netwerk in ander lande wel toegang tot bronne oor die tekslinguistiek kry wat andersins nie moontlik sou gewees het nie.]
10. Gevestigde netwerke kan tot samewerking op talle vlakke lei. As daar 'n persoonlike netwerk is waar mense mekaar ken en vertrou, kan dit lei tot samewerkings- en uitruilooreenkomste wat jou vak beduidend kan baat. [Werk aan die Digitale Bibliografie van die Afrikaanse Taalkunde (DBAT)[18] het sedert 1993 stadig gevorder, maar danksy die hulp van kontakte (aangevul

met gereelde koppies koffie en 'n broodjie of lekkerny) by die Koninklijke Biblioteek (KB)[19] en die Digitale Bibliotheek voor de Nederlandse Letteren (DBNL)[20] in Den Haag, Nederland kon ek met verloop van tyd wel 'n werkbare formaat en inhoudsbasis vir die DBAT ontwikkel – en vandag word die DBAT wêreldwyd gebruik waar Afrikaanse taalkunde bestudeer word.[21] Op grond van persoonlike netwerke kon ek fasiliteer dat talle ooreenkomste gesluit is: sedert 2006 word Afrikaans as vak aan die Universiteit van Antwerpen aangebied, kon ek help om die 'Gents Centrum voor het studie van Afrikaans en de studie van Zuid-Afrika' aan die Universiteit Gent gestig te kry (2014 – sien Carstens en T'Sjoen, 2017; T'Sjoen, 2017) en hieruit sou 'n tweede leerstoel vir Afrikaans in Europa tot stand kom,[22] en kon ek in 2013 help om die ooreenkoms tussen die Universiteit Leiden en die SA Vereniging vir Neerlandistiek (SAVN)[23] te sluit waarvolgens Afrikaans sedert 2015 as vak aan Leiden aangebied word.[24] Maar ek kon ook help om op grond van my breë netwerk van die onderhandelingswerk agter die skerms te doen wat in 1998 tot die totstandkoming van die Ernst van Heerden-versameling van Afrikaanse poësie by die Poëziecentrum in Gent, België, sou lei;[25] tot die stigting van die Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA)[26] sou lei; kon ek in die tydperk 2011-2012 fondse help vind om Zuid-Afrika-Huis in Amsterdam te restoureer;[27] kon ek help om die Internasionale Vereniging vir Afrikaans (IVA) te konseptualiseer;[28] kon ek help met die sluit van 'n amptelike ooreenkoms tussen die (Nederlandse) Taalunie[29] en die Afrikaanse Taalraad in 2020 (sien Van Heerden en Van de Poel, 2020). Die waarde van 'n netwerk is derhalwe 'priceless'. Dat dit grootliks verval aan die einde van 'n loopbaan is wel betreurenswaardig.]

11. As die kans sou opduik om tyd in die buiteland deur te bring, doen dit terstond. Dit mag wees vir studie of vir 'n navorsingsverblyf, of selfs as post doc. Die blootstelling aan invloede buite die bekende verbreed 'n mens se uitkyk op sake. Netwerke maak dit moontlik dat so iets kan gebeur. Dit bied ook weer die geleentheid vir die uitbrei van die netwerk. 'n Buitelandse verblyf behoort akademiese uitsette te lewer (afgeronde studie, publikasies, saamwerk aan projekte. So 'n verblyf is nie 'n vakansie nie, maar 'n geleentheid om buite jou gemaksone nuwe kennis op te doen. Gebruik die geleenthede na behore. [Danksy navorsingstydperke om aan boeke te werk, soos in die VSA, Nederland, België, asook die bywoon van kongresse in etlike lande kon ek bykans 2,5 jaar in die buiteland vertoef. Dit het altyd deurgewerk in my akademiese produkte (publikasies).]
12. Deel inligting oor jou vak en jou belangstellings met jou netwerk. Dit sluit in inligting oor nuwe boeke, interessante artikels, moontlike kongresse nasionaal en internasionaal, ensovoorts. wat jy raakgesien het en wat jy dink jou netwerk

sal kan gebruik. Sodoende bou jy voortdurend aan jou netwerk. Omdat jy jou inligting maklik deel, gee dit jou die vrymoedigheid om van die lede van jou netwerk te vra om die eerste weergawes van 'n moontlike publikasie te lees. Wees daarom eerder 'n deler as 'n parasiet (wat net opneem en nie deel nie). [Tydens my loopbaan en selfs nou in my aftrede stuur ek op 'n daaglikse basis steeds inligting oor taalkundige bronne en moontlike kongresse aan my netwerk. Ek het toegang tot verskeie bronne (onder meer Linguist List, Neerlandistiek.nl, nuusbriewe van instansies, Netwerk24, News24, LitNet) en deel graag wat ek sien. Ek het oor jare 'n aanduiding gekry waarin mense belangstel en as ek iets teenkom wat volgens my oordeel dalk vir bepaalde individue baat, verg dit min moeite om dit via e-pos aan te stuur. Dit staan altyd die ontvanger vry om dit te ignoreer of dadelik te skrap, maar in talle gevalle het dit kollegas al boeke en artikels laat lees en ook internasionale kongresse laat bywoon.]

13. Woon gereeld nasionale en waar moontlik ook internasionale kongresse/konferensies/colloquiums/werkswinkels oor jou vakgebied en ook oor jou spesialisveld(e) by. Andersins sal niemand weet wat jy doen nie. Dit is veral vroeg in jou loopbaan nodig om sigbaar te word. Gaan doen verslag oor die navorsing wat vir jou MA of PhD gedoen is – so neem mense kennis van jou navorsing en ook van jou as jong navorser. Dit is nie altyd nodig om 'n bydrae (referaat) te lewer nie. Maar om 'n kongres by te woon, bied die geleentheid om te sien wie is die leidende navorsers in die veld en met hulle kennis te maak. Die grootste waarde van die bywoon van kongresse is wel die beleef van die wêreld van taalkunde. Gaan luister daarom na referate so wyd as wat jy kan, selfs van terreine wat jou nie interesseer nie – dit gee jou wel 'n aanduiding van wie werk in welke veld aan watter onderwerp of tema. Kongresbywoning moet daarom 'n deel van jou jaarlikse beplanning wees. [My eerste nasionale LVSA-kongres was in 1977 in Bloemfontein waar ek oor my MA-navorsing gepraat het. Ek het behoorlik gestotter toe van die groot name, soos proff. Fritz Ponelis, Hans du Plessis en Christo van Rensburg, die lokaal binnegestap het om te kom luister. Maar omdat ek bereid was om verslag oor my navorsing te doen, het ander kom luister na wat ek te sê het. En uit hulle terugvoer kon ek leer om beter te word.]
14. Neem 'n visitekaartjie saam na hierdie kongresse. Die kaartjie moet gekoppel wees aan jou instelling en jou kontakbesonderhede (veral e-posadres) bevat. Deel dit uit aan mense met wie jy kontak maak tydens die kongresse as daar 'n geleentheid opduik. As jy tuis kom, maak dan kontak met die mense wie se kaartjies jy ook gekry het. So begin jy bou aan 'n groter netwerk. Dit verg moeite en dit kos geld om so 'n kaartjie te maak. Maar die dividende is op die lang termyn groot.

15. Moenie skroom om in jou eie taal aan kongresse deel te neem nie. Taalkundiges in SA lewer al hoe meer hulle referate in Engels, maar dan ontwikkel die vakkundige terminologie in die eie taal (in hierdie geval Afrikaans) nie. Dit raak die volhoubaarheid van 'n Afrikaanse taalkundige vaktaal. Die jonger geslag Afrikaanse taalkundiges is in die posisie om dit te verander en die hoop is dat hulle dit wel sal waar maak.[30]
16. Publiseer in internasionale tydskrifte as jy kan, maar beslis ook in nasionale vaktydskrifte. Jou bydrae help om die plaaslike tydskrifbedryf aan die gang te hou en selfs uit te brei. Aan die begin van jou loopbaan is dit nodig om jou naam 'in druk' te sien en dit gebeur die spoedigste in die nasionale tydskrifte. 'n Eerste artikel is meestal gebaseer op navorsing gedoen vir 'n MA.
17. Publiseer in toepaslike tydskrifte, in die besonder die erkende tydskrifte in jou vakdissipline. In SA raak dit tydskrifte soos *South African Linguistics and Applied Language Studies*,[31] *Language Matters*,[32] *Literator*,[33] *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*,[34] *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*,[35] *Stellenbosch Papers in Linguistics* (SPIL),[36] e.a. Daar is tans betreklik min Afrikaanse tydskrifte om in te publiseer. Vermy wel baie beslis die sogenaamde "predatory journals" wat voorgee om akademiese artikels te publiseer wat aan die gestelde vereistes voldoen, maar dit egter nie doen nie.[37] Hierdie tydskrifte gee voor dat hulle 'n portuurevalueringstelsel en selfs 'n redaksionele raad het, maar dit is nie waar nie. Die hoofdoel van hierdie tydskrifte is om geld te maak onder valse voorwendsels. Die artikels in hierdie tydskrifte is waardeloos vir die opbou van 'n akademiese profiel. As jy twyfel oor die toepaslikheid van 'n tydskrif, kan jou universiteit se navorsingskantoor jou help om dit te kontroleer.
18. Elke Suid-Afrikaanse taalkundige het 'n verantwoordelikheid om die veld te help ontwikkel deur in die plaaslike tydskrifte te publiseer. Afrikaanse taalkundiges het egter 'n dubbele verantwoordelikheid: publiseer plaaslik in jou dissipline, maar publiseer ook in die taal (Afrikaans) waarin jy jou loopbaan bedryf. Hiermee word nie bedoel dat daar nét in Afrikaans gepubliseer word nie, maar dat daar óók in Afrikaans gepubliseer moet word ter wille van die behoud en uitbou van Afrikaans as akademiese taal.
19. Moet nie huiwer om in jou eie taal te publiseer nie. Engels is nie die enigste taal van wetenskap nie. Publiseer wel ook in Engels omdat dit wyer as plaaslik gelees kan word. So word jou werk ook verder bekend gestel. Die destydse Linguistevereniging van Suider-Afrika (LVSA) se tydskrif *SA Tydskrif vir Taalkunde* wat tot in 1999 bestaan het[38] asook die SA Vereniging vir Taalonderrig se *Tydskrif vir Taalonderrig* (SAVTO), het dit moontlik gemaak dat maklik in Afrikaans oor die Afrikaanse taalkunde gepubliseer kon word na afloop van die jaarlikse vakkongresse. Die geleenthede het egter beduidend

minder geword met die totstandkoming van die plaasvervangende *South African Linguistics and Applied Language Studies*, en vandag word daar betreklik min in Afrikaans in hierdie tydskrif gepubliseer.

20. Dit is nie nodig dat jy die belangrikste internasionale taalkundige ooit moet wees nie. As dit sou gebeur, sal dit 'n bonus wees. Daar kan van min taalkundiges dit gesê word. 'n Loopbaan sal oordeel of dit wel die geval is – dan aan die einde van die loopbaan. Dit is wel belangrik om 'n erkende nasionale kundige oor 'n aspek van die taalkunde te wees in jou eie konteks omdat dit is waar jy werk en funksioneer. Ponelis word wyd erken as dié kundige in Afrikaans oor sintaksis, Combrink as die kundige oor Afrikaanse morfologie, Raidt as die kundige oor Afrikaanse historiese taalkunde. Dit is wel ouer bronne. Wie is die hedendaagse kundiges op hierdie gebiede in Afrikaans? Dit is 'n ruimte wat wag om opgeneem te word.
21. As jou werk as goed genoeg of as uitstaande geoordeel word as jy in Afrikaans werk, kan dit in Engels vertaal word. Dit is ook moontlik dat 'n besondere publikasie van die begin af in Engels geskryf word, soos met Ponelis se *The development of Afrikaans* (1993). Dit het al gebeur en sal ook weer gebeur.
22. Woon ten minste een keer in jou loopbaan die somerskool (bekend as die LSA Institute)[39] van die Linguistic Society of America by, en hoe vroeër in jou loopbaan hoe beter. Twee somerskole is selfs nog beter. So 'n somerskool duur van 4-6 weke en dit word driejaarliks aangebied. Dit maak jou oë oop om uit 'n wyer hoek na taal in die algemeen en na taalkunde in die besonder te kyk. Woon van die kursusse oor 'n verskeidenheid onderwerpe by en sosialiseer behoorlik ter wille van jou netwerk. Die somerskool word met reg beskryf as 'n "intellectual summer camp for linguists".[40] Deel visitekaartjies uit en benut die netwerkgeleentheid ten volle. [In my eie loopbaan was dit 'n bepalende gebeurtenis toe ek in Julie 1989 die somerskool bygewoon het. Dit was toe ek begin het om *Afrikaanse tekslinguistiek* te skryf juis omdat ek daar soveel inligting kon opspoor vir latere gebruik.]
23. Die lees van Linguist List (LL) se aankondigings en uitnodigings moet 'n deel van elke taalkundige se daaglikse ritueel wees. Teken daarom – gratis – in op die LL om die daaglikse inligting te kan ontvang. Die omvang van die inligting is omvattend omdat dit jou aandag vestig op kongresse in jou vakgebied, nuwe boeke wat jou navorsing sal bevorder, moontlike werksgeleenthede. Ek kan my kwalik 'n tyd indink voor die LL toe ons net afhanklik was van tydskrifte wat in biblioteke beskikbaar was. Die tegnologie van die 21ste eeu maak taalkundebeoefening vandag baie makliker as voor 1995. Die LL het my op soveel maniere gebaat – ek lys dit hier onder.
    a) Dit het gehelp slyp aan my eie vaardighede en vermoëns oor taalkunde

as ’n dissipline, maar ook oor besondere aspekte van die taalkunde, soos oor diskoersanalise, sintaksis, semantiek, ensovoorts.

b) Dit het my ingelig oor kongresse waarvan ek andersins nie sou geweet het nie. Dit het dit vir my moontlik gemaak om kongresse wêreldwyd by te woon (VSA, Finland, Nederland, België, Duitsland, Switserland).

c) Dit het my ingelig oor publikasies (boeke, artikels) waarvan ek andersins nie sou geweet het nie. Ek kon boeke bestel vir die universiteitsbiblioteek wat ek van kennis geneem het en sodoende het dit bygedra tot die opbou van ’n betroubare versameling bronne oor die taalkunde in die universiteit se biblioteek.

d) Die opgeboude biblioteek het my in staat gestel om meer van my veld te lees.

e) Die LL stel my in staat om met vrymoedigheid inligting (ook debatte, kongresse, boeke, tydskrifte) te deel met kollegas elders in die land of in die wêreld oor sake van gemeenskaplike belang. Op hierdie wyse kon my netwerk baat by my inspanning. Maar omdat ek inligting gedeel het, het ek op my beurt weer van kollegas elders ook berigte ontvang. Op hierdie wyse was dit ’n wedersydse wins vir beide partye.

f) Ek was lank ’n bestuurder in die akademie en een van my take was om ’n nuwe geslag akademici op te lei en voor te berei vir ’n loopbaan. Die inligting wat ek van die LL verkry het, was hier van groot waarde vir die jonger geslag akademici – ek kon hulle wys op belangrike vormende kongresse in hulle spesialiteite en hulle selfs daarheen stuur, ek kon belangrike nuwe boeke vir hulle laat aankoop, ek kon hulle help om onderwerpe vir navorsingsprojekte te bepaal. Ek glo dus aan die waarde van die LL.

24. Maak in jou jaarlikse akademiese begroting voorsiening vir ’n finansiële bydrae tot die instandhouding van die LL. Sonder fondse kan die LL nie voortbestaan nie. Of maak seker dat jou instelling ’n jaarlikse bydrae tot die LL maak. Daarsonder sal ’n mens in ’n ‘taalkundige duisternis’ wees. In die taalkunde kan ’n mens praat van voor-LL en ná-LL. Die jonger geslag kan hulself gelukkig ag dat hulle in die ná-LL-tyd lewe. Geniet die voordele van die lys.

3.2 *Praktykgerigte wenke*

1. Toeval speel dikwels in rol in die vind van ’n akademiese pos. Wees gereed om die geleenthede wat kom na behore te benut. Moet dus nie te kieskeurig wees nie.
2. Maak jou deur jou bydraes onmisbaar in jou werksomgewing.

3. Wees betrokke by die bestuur van jou universiteit in soverre dit haalbaar is: dien op komitees, wees beskikbaar vir studente en hulle projekte.
4. Wees sigbaar op jou kampus deur die aard van jou bydraes as personeellid.
5. Wees 'n gewillige deelnemer van die Suid-Afrikaanse akademiese gemeenskap
6. Wees gewillig om te leer en wel soveel as moontlik – oor jou vak, oor die manier waarop jou instansie bestuur word (administrasie).
7. Aanvaar dat ander meer van jou veld of van die universiteit waar jy is, kan weet.
8. Stel jou oop vir raad en advies deur jou hoofde, deur seniors in jou veld. 'n Mens weet nie alles nie, maar in die loop van jou loopbaan leer jy wel baie. Gebruik senior personeellede as mentors vir jou loopbaan.
9. Moet nie dink jy is die spil waarom alles in jou departement draai nie. Dit mag dalk in die toekoms die geval word, maar beslis nie van die begin af nie. Wees nederig en begin om van die onderkant van die akademiese leer jou pad na bo te klim – stap vir stap. So eet 'n mens uiteindelik 'n olifant op.
10. Wees 'n spanlid en nie 'n spanopbreker nie. In 'n akademiese omgewing het elkeen 'n rol in die groter prentjie van die toepaslike werksomgewing, ook jy. Vra jou af wat jy doen om die span beter te maak en maak dit dan praktyk.
11. Aan die einde van jou loopbaan neem jy die rol van mentor oor en deel jou geleerde lesse met die volgende geslag. Dra dus jou vaardighede en kennis oor.

4. Samevatting

In hierdie bydrae word daar terugvoer gegee oor die waarde daarvan om te leer uit die suksesse en mislukkings van vorige geslagte, uit die positiewe en negatiewe ervarings wat deurleef is tydens 'n lang loopbaan in die akademie. In hierdie geval was my eie loopbaan as Afrikaanse taalkundige van bykans 50 jaar die vertrekpunt. Die les hieruit is waarskynlik dat daar steeds baie te leer is uit voorafgaande geslagte se manier van doen, derhalwe uit die 'wysheid van die grysheid'. Dit is parate kundigheid wat ingespan kan word ter bevordering van die eie loopbaan. Elke geslag wil dinge op hulle manier doen, maar soms is 'n oomblik se stilstaan om kennis te neem van ander se ervarings tog die moeite werd.[41] Doen dit gerus.

Noordwes-Universiteit

Bronnelys

Breed, C.A., Carstens, W.A.M. en Olivier, J.A.K. 2016. Die DBAT: 'n Onbekende digitale taalkundemuseum. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56 (2-1): 391-409.

Carstens, W.A.M. 1989 (2018: 6de hersiene uitgawe). *Norme vir Afrikaans. Enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans.* Kaapstad/Pretoria: Academica.

Carstens, W.A.M. 1997. *Afrikaanse tekslinguistiek. 'n Inleiding.* Pretoria: J.L. van Schaik Akademies.

Carstens, W.A.M. 2018. (6de hersiene uitgawe). *Norme vir Afrikaans. Moderne Standaardafrikaans.* Pretoria: Van Schaik.

Carstens, W.A.M. 2019a. Op reis vir Afrikaans – Europa bied oneindige moontlikhede. LitNet. 27 September 2019. https://www.litnet.co.za/op-reis-vir-afrikaans-europa-bied-oneindige-moontlikhede/. (Datum van gebruik: 28 Julie 2022)

Carstens, W.A.M. 2019b. Geskiedskrywing en beskrywing van Afrikaans: Wat is daar nog te sê oor Afrikaans? In: Van Niekerk, A., e.a. (reds.). 2019. *J.C. Steyn en Afrikaans – 'n Viering*. Bloemfontein: SUN Media Bloem.

Carstens, W.A.M. en Enslin, L. 2017. Poel van kundigheid ten bate van Afrikaanse onderrig, 'n onderhoud met Wannie Carstens. LitNet. 14 Maart 2017. http://www.litnet.co.za/poel-van-kundigheid-ten-bate-van-afrikaanse-onderrig-n-onderhoud-met-wannie-carstens/. (Datum van gebruik: 21 April 2022)

Carstens, W.A.M. en Raidt, E.H. 2017. *Die storie van Afrikaans: van Europa tot Afrika. Biografie van 'n taal.* Deel 1 (Die Europese geskiedenis van Afrikaans). Pretoria: Protea.

Carstens, W.A.M. en Raidt, E.H. 2019. *Die storie van Afrikaans: van Europa tot Afrika. Biografie van 'n taal.* Deel 2 (Die Afrikageskiedenis van Afrikaans). Pretoria: Protea.

Carstens, W.A.M. en Van de Poel, K. 2010, 2012. *Teksredaksie.* Stellenbosch: SUN Media.

Carstens, W.A.M. en T'Sjoen, Y. 2017. België gee Afrikaans 'n kans. *Beeld* 16 September: 17.

Carstens, W.A.M. en Hubbard, E.H. (reds.). 1993. *Tekslinguistiek/Text Linguistics. SA Tydskrif vir Taalkunde Supplement* 15, Mei.

Carstens, W.A.M. en Hubbard, E.H. (reds.). 2000. *Tekslinguistiek/Text Linguistics III. SA Tydskrif vir Taalkunde* Supplement 37, Desember.

Carstens, W.A.M. en Bosman, N. (reds.). 2014, 2017. *Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde.* Pretoria: Van Schaik.

Carstens, W.A.M. en Le Cordeur, M. (reds.). 2016, 2019. *Ons kom van vêr – bydraes oor bruin Afrikaanssprekendes se rol in die ontwikkeling van Afrikaans.* Kaapstad: Naledi Online.

Carstens, W.A.M. en Van Dyk, T.J. (reds.). 2022. *Toegepaste Taalkunde in Afrikaans.* Pretoria: J.L. van Schaik.

Carstens, W.A.M., Bosman, N. en Biberauer, T. (reds.) [2023]. *Afrikaans Linguistics: Contemporary perspectives.* Stellenbosch: African SUN Media (in publikasieproses).

De Vries, W. en Keltjens, R. 2018. DBNL het 'n groeiende versameling ryk aan tekste, bande en moontlikhede. Voertaal. 16 Augustus. https://voertaal.nu/dbnl-het-n-groeiende-versameling-ryk-aan-tekste-bande-en-moontlikhede/. (Datum van gebruik: 28 September 2018)

Elmore, S.A. en Weston E.H. 2020. Predatory Journals: What They Are and How to Avoid Them. *Toxicologic Pathology* 48(4): 607-610.

Fouché, N., Van den Berg, R. en Olivier, J. 2017. Carstens se raamwerk van Afrikaanse konjunksie-merkers: 'n akkurater en vollediger weergawe. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 57(3): 814-836.

Hubbard, E.H. en Carstens, W.A.M. (reds.). 1994. *Tekslinguistiek/Text Linguistics II. SA Tydskrif vir Taalkunde* Supplement 22, Desember.

Lubbe, J. 2002. Die aard van bydraes van *Taalfasette* en *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 1965 tot en met Desember 1999 / The nature of contributions in *Taalfasette* and *South African Journal of Linguistics*, 1965 to December 1999. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies* 20 (1-2): 65-90.

Meintjes, Z. 2016. Konjunksiemerkers: 'n Indeling in Afrikaans vir die gebruik in geskrewe akademiese argumente op universiteit. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* 23(1): 81-102.

Ponelis, F.A. 1979. *Afrikaanse sintaksis.* Pretoria: J.L. van Schaik.

Ponelis, F.A. 1993. *The Development of Afrikaans.* Frankfurt/Berlin/Bern/New York/Parys/Wien: Peter Lang.

Scholtz, J. du P. 1941. *Uit die geskiedenis van die naamgewing aan plante en diere in Afrikaans.* Kaapstad: Nasou.

Scholtz, J. du P. 1950. *Oor die herkoms van Afrikaans.* Kaapstad: Universiteit van Kaapstad.

Scholtz, J. du P. 1963. *Taalhistoriese opstelle: Voorstudies tot 'n geskiedenis van Afrikaans.* Kaapstad: Tafelberg.

Scholtz, J. du P. 1965. *Afrikaans uit die Vroeë Tyd. Studies oor die Afrikaanse taal en literêre volkskultuur van voor 1875.* Kaapstad: Nasou.

Scholtz, J. du P. 1972. *Afrikaans-Hollands in die agtiende eeu.* Kaapstad: Nasou.

Stehle, R. 2018. Wannie woeker vir Afrikaans. *Beeld* 21 April. https://www.netwerk24.com/Stemme/Aktueel/wannie-woeker-vir-afrikaans-20180420 Datum van gebruik: 28 Julie 2022)

Terblanche, H.O. 2014. Die Nederlandse kulturele boikot teen Suid-Afrika: 'n Ontleding. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 54(1) 37-55.

Terblanche, H.O. 2016. Die Nederlandse akademiese boikot teen Suid-Afrika:

'n Ontleding – Navorsings- en oorsigartikels (2). *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 56(4). 1113-1127.

T'Sjoen, Y. 2014. "Gent se torings skemer ver deur" – Vyftien jaar Ernst van Heerden-collectie in Poëziecentrum. Versindaba. 14 Oktober. https://versindaba.co.za/tag/gent-poeziecentrum/ (Datum van gebruik: 28 Julie 2022)

T'Sjoen, Y. 2017. Leerstoel Zuid-Afrika aan de Universiteit Gent. 6 Julie. http://www.litnet.co.za/leerstoel-zuid-afrika-aan-de-universiteit-gent/ (Datum van gebruik: 30 Augustus 2022)

Van den Berg, G. 2014a. Het Zuid-Afrikahuis is gered. 2 Maart. http:///www.maandbladzuidafrika.nl/. (Datum van gebruik: 25 April 2014).

Van den Berg, G. 2014b. Overeenkomst Zuid-Afrika-huis Amsterdam en *Die Burger* Kaapstad. 29 Maart. http://www.litnet.co.za/Article/overeenkomst-zuid-afrikahuis-amsterdam-en-die-burger-kaapstad. (Datum van gebruik: 21 April 2014).

Van de Poel, K., Linnegar, J. en Carstens, W.A.M. 2012. *Text editing. A Handbook for students and practitioners.* Antwerpen: ASP.

Van der Sijs, N. 2013. "Op de schouders van onze voorgangers". Jo Daan en het Amerikaans-Nederlands. *Nieuw Letterkundig Magazijn* 31(1): 30-34.

Van Heerden, M. en Van de Poel, K. 2020. Samewerkingsooreenkoms met die Afrikaanse Taalraad: 'n onderhoud met Kris van der Poel (Nederlandse Taalunie). Voertaal. 16 April. https://voertaal.nu/samewerkingsooreenkoms-met-die-afrikaanse-taalraad-n-onderhoud-met-kris-van-der-poel-nederlandse-taalunie/ (Datum van gebruik: 20 Junie 2022)

Woordeboek van die Afrikaanse Taal (eWat). Stellenbosch: Buro van die WAT.

Note

1. Hierdie bydrae word met graagte aan *TN&A* verskaf om te plaas in 'n uitgawe wat die eeufeesviering van die Universiteit van Stellenbosch (US) se Departement Afrikaans en Nederlands herdenk. Ek het my eie kwalifikasies aan die US verwerf en selfs my loopbaan as dosent hier begin. Dit maak daarom sin om dit wat volg ook te plaas in 'n US-gekoppelde publikasie. Dit is nie die gewone akademiese bydrae nie, maar eerder die besinning oor 'n loopbaan waartydens baie lesse geleer is uit suksesse wat beleef is, maar ook uit foute wat gemaak is. Die hoop is dat dit wat hierna na vore kom vir veral jonger akademici riglyne sal gee oor hoe die akademie betree kan word en ook hoe 'n loopbaan gebou kan word.
2. Opmerking van prof Jo Daan uit 1994 (in Van der Sijs, 2013: 30).
3. https://www.linguisticsociety.org/resource/linguistics-profession.
4. Vergelyk ook onder meer die volgende webblaaie vir meer inligting oor die beroepsgeleenthede wat opleiding in taalkunde moontlik maak: https://www.linguisticsociety.org/resource/

linguistics-profession, https://www.academicinvest.com/arts-careers/linguistics-careers, https://uk.indeed.com/career-advice/finding-a-job/jobs-in-linguistics, https://www.topuniversities.com/student-info/careers-advice/7-jobs-graduates-linguistics-degree, https://www.glassdoor.com/Career/how-to-become-linguist_KO14,22.htm.

5. Vergelyk onder meer die volgende webblaaie oor hoe om ’n suksesvolle loopbaan te bou. Die gee generiese wenke. https://www.becomeopedia.com/linguist/, https://www.linkedin.com/pulse/7-keys-building-successful-career-path-aghogho-akporido-mba--1/, https://www.thebalancemoney.com/career-pathing-1918080#, https://www.careeraddict.com/planning-career-get-started. Uiteraard is daar heelwat meer inligting beskikbaar as wat hier aangedui word.
6. Die wenke wat hier gegee word, is ook van toepassing op die letterkunde. Of ook ander dissiplines. Die beginsels bly dieselfde.
7. Vir meer hieroor vergelyk Terblanche (2014; 2016).
8. ’n Derde, hersiene uitgawe van KAT word vir 2024 beplan.
9. NNS: Nasionale Navorsingstigting; National Research Foundation. https://www.nrf.ac.za/.
10. Ek was by geleentheid in 2018 ’n ‘featured linguist’ van die LinguistList en het toe ’n lys sake neergestip wat myns insiens die volgende geslag kan baat by die beplan van hulle eie loopbane: https://blog.linguistlist.org/fund-drive/featured-linguist-wannie-carstens/.
11. https://en.wikipedia.org/wiki/It%27s_the_economy,_stupid.
12. *Kontemporêre Afrikaanse taalkunde* (2014; hersien in 2017; met Nerina Bosman as mederedakteur) – in die algemeen bekend as KAT – is die uitkoms van talle gesprekke oor ’n lang tyd tydens kongresse van die destydse LVSA oor die behoefte aan ’n bron wat gebruik kan word om voorgraadse studente in die Afrikaanse taalkunde op ’n ooreenstemmende vlak te kry. Dit was aanvanklik beplan as ’n hersiening van die bekende *Inleiding in die Afrikaanse taalkunde* (1984; 1989; met TJR Botha as koördinerende redakteur), maar dit het geblyk dat daar eerder ’n bygewerkte nuwe bron moet kom. Prof Alf Jenkinson van UV sou as mederedakteur optree, maar toe hy onverwags in 2012 oorlede is, is besluit dat prof Nerina Bosman van UP sy rol moes oorneem. Daar is met alle departemente Afrikaans (en Nederlands) gekonsulteer oor wat hulle van so ’n boek verwag en aan die hand hiervan is op die inhoud en medewerkers besluit.
13. Hierdie boek volg uit ’n leemte wat raakgesien is terwyl daar aan *Die storie van Afrikaans*, deel 2 gewerk is. Ek wou probeer om ’n inklusiewe weergawe van die geskiedenis van Afrikaans te produseer, maar dit het geblyk daar is uiters min bronne oor die bydrae wat bruin mense gespeel het in die ontwikkeling van Afrikaans. Prof Michael le Cordeur van US is genader om te help om wel inligting hieroor te versamel. Uiteindelik het die boek 36 hoofstukke beslaan en in talle van die hoofstukke het daar meer inligting na vore gekom oor wat nodig was om met werk aan *Die storie van Afrikaans* voort te gaan. Daar is wel ’n behoefte aan nog sodanige bydraes.
14. *Toegepaste taalkunde in Afrikaans* (2022; saam met Tobie van Dyk as mederedakteur) het gespruit uit navrae van studente oor hoekom daar nie ’n boek oor toegepaste taalkunde in Afrikaans is nie. As daar nie een is nie, dan maak ons een, was my oordeel. Die boekproses het wel agt jaar

beslaan (konseptualiseer, beplan van inhoud, vind van gewillige medewerkers, vind van fondse om die boek te publiseer), maar die resultaat is nou daar vir gebruik.

15. *Afrikaans Linguistics: Contemporary Perspectives* (2023; saam met Nerina Bosman en aanvanklik Theresa Biberauer as mederedakteurs) is die gevolg van navrae tydens 'n Europese lesingtoer in 2019 (sien Carstens, 2019a se verslag oor hierdie reis). Daar was 'n uitgesproke behoefte aan 'n boek in Engels oor die huidige stand van die Afrikaanse taalkunde – so is die studie van Afrikaans meer toeganklik vir nie-Afrikaanssprekendes.
16. Sien Carstens (2019b) vir 'n uiteensetting waarom die boeke geskryf is.
17. Vergelyk Scholtz (1941; 1950; 1963; 1965; 1972).
18. DBAT: https://collections.nwu.ac.za/dbtw-wpd/textbases/bibliografie-afrikaans/dbat.html.
19. https://www.kb.nl/.
20. https://www.dbnl.org/. Sien ook De Vries en Keltjens (2018).
21. Sien Breed e.a. (2016) asook Wierenga en Carstens (2022) vir 'n oorsig hieroor.
22. Vergelyk: https://www.afrikaans.ugent.be/ vir meer inligting oor die Centrum se werk.
23. https://www.suiderafrikaanseverenigingvirneerlandistiek.org/
24. Sien hieroor Stehle (2018).
25. http://www.poeziecentrum.be/collectie/zuid-afrikaanse-poëzie-de-collectie-ernst-van-heerden. Sien ook T'Sjoen (2014) oor die eerste 15 jaar van die versameling.
26. https://viva-afrikaans.org/.
27. Vergelyk hieroor Van den Berg (2014a; 2014b). Sien https://www.zuidafrikahuis.nl/ vir meer oor die huis.
28. Sien Carstens en Enslin (2017).
29. https://taalunie.org/over-de-taalunie.
30. Tydens die kongres van SALALS in Junie 2022 op Potchefstroom was daar uit die magdom referate slegs vier in Afrikaans. Dit is kommerwekkend dat 'n organisasie wat in 1965 uit 'n primêr Afrikaanse omgewing deur Afrikaanse taalkundiges ontwikkel is (sien https://www.tandfonline.com/doi/abs/10.2989/16073610209486299), tot op hierdie punt gekom het dat Afrikaans kwalik figureer by die jaarkongres. Die vraag is of die ontwikkeling van die Afrikaanse taalkunde op hierdie wyse gedien word. Diepe besinning is hier nodig.
31. https://salals.org.za/journal/ In 2000 het die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde* en *die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Toegepaste Taalstudies* saamgesmelt. Sien ook: https://www.tandfonline.com/doi/abs/10.2989/16073610209486299.
32. https://journals.co.za/journal/langmat.
33. https://journals.co.za/journal/literat
34. https://www.savn.org.za/index.php/tydskrif-vir-nederlands-en-afrikaans
35. https://www.akademie.co.za/projekte/vaktydskrifte
36. https://spilplus.journals.ac.za/pub
37. "Predatory journals—also called fraudulent, deceptive, or pseudo-journals—are publications that claim to be legitimate scholarly journals but misrepresent their publishing practices. Some

common forms of predatory publishing practices include falsely claiming to provide peer review, hiding information about article processing charges, misrepresenting members of the journal's editorial board, and other violations of copyright or scholarly ethics" en "these predatory publishers are dishonest and lack transparency. They aim to dupe researchers, especially those inexperienced in scholarly communication" – vgl. Elmore en Weston (2020). Vir meer hieroor sien ook https://www.up.ac.za/department-of-library-services/news/post_3111375-academic-integrity-series-5.-predatory-journals en https://www.openacessjournal.com/blog/predatory-journals-list/ vir 'n lys van sodanige tydskrifte.

38. Vergelyk Lubbe (2002) vir 'n oorsig oor die belang van hierdie tydskrif vir die Afrikaanse taalkunde.
39. Sien https://www.linguisticsociety.org/content/lsas-linguistic-institutes vir meer oor die somerskool.
40. "The LSA Institute is nothing less than an intellectual summer camp for linguists. The friendly, informal atmosphere makes it easy to meet people, exchange ideas, and explore new directions – not to mention the chance to get to know major scholars as real people over breakfast or in a walk across campus. Both as a graduate student attending past Institutes and as a faculty member teaching classes, I've made *lifelong friends*, gained *supportive mentors*, been exposed to *cutting-edge research in other subfields*, and *learned much* more about my own specialization. Every student and faculty member in linguistics should take advantage of the opportunity to attend the LSA Institute." (Mary Bucholtz, Professor, Department of Linguistics, University of California, Santa Barbara) https://www.linguisticsociety.org/content/lsas-linguistic-institutes.
41. Sien Carstens en Enslin (2017) oor die totstandkoming van die Internasionale Vereniging vir Afrikaans (IVA).